



Pitte se Tuinhoekie

deur Herman du Plessis

Wintertuin blues

Augustus 2014

Pitte sê daar is twee verskriklik gevaarlike plekke op hierdie aarde. Hy sê mense mag van hom verskil, maar hy glo dat die mees gevaarlikste plek waar jy jou in kan begewe sekerlik 'n kwekery (deesdae mos nou 'n tuinsentrum) in die Lente is. Ongetwyfeld! Die tweede mees gevaarlikste plek is 'n mynveld iewers in Angola of Sirië. Sê Pitte. Jy mag dalk dink dat 'n plaas in Suid Afrika eerder eerste mag wees, maar hy sê hy is seker dat, alhoewel 'n plaas 'n baie gevaarlike plek kan wees, 'n tuinsentrum in die lente na sy beskeie mening sekerlik die mees gevaarlike plek op hierdie aardbol is! Loshande!

Hy sê nou anderdag toe ons saam met Tert 'n ietsietjie gebruik, hy sê ons moet bietjie mooi dink. Hier by ons is dit kurkhoringdroog in die Winter. As die wind waai is die wêreld toe onder die stof. Jy proe soms selfs die stof tussen jou tande. Alles is vaal. Selfs die immergroen plante het so 'n valerige groen kleur. Bome is kaal. Groot stukke aarde is swart gebrand. Aalwynblommetjies hang pap aan hulle stele na die laaste ryp. Alles is wintermoeg. Selfs ons mense is wintermoeg. Sop en sjerrie en 'n elektriese kombes doen dit nie meer vir ons nie. Niks is mooi nie. Ons sien nie meer hoe mooi die Wit Stinkhout of die

Populiere se kaal take teen die helder blou lug ge-ets is nie. Daar is geen inspirasie vir tuinmaak nie. Maar, dalk is ons gelukkig en 1 September breek aan en dis 'n heerlike warm lentedag. Net miskien! Die koue van die pas afgelope winter is so te sê vergete. Maar dis ook al. Want die bome bot nog nie; so asof dit versigtig wag vir 'n onverwagse kouefront. Behalwe vir die datum, is daar regtig niks, maar niks, wat jou vertel dat dit lente is nie. Maar dis Saterdag. Jy het besluit vandag is die dag wat jy bietjie iets aan die tuin gaan doen. Jy klim in die kar met 'n bo-aardse verwagting. Die dooie kolle in die tuin roep; nee, smag na oordadige spatsels kleur. In jou oë is daar 'n verwagting. Jy sien die moontlikhede in jou geestesoog. Jy maak seker jou bankkaarte is in jou beursie en die beursie is in jou sak. Jy word 'n persoon met 'n missie! Jy kom by jou gunsteling tuinsentrum aan. Met die intrapslag tref dit jou. Hierdie ongelooflike helder kleure orals om jou. Sterk aroma's. 'n Fontein wat vrolik kabbel. Hangmandjies met Petunias, Gesiggies, Diascia's, noem maar op! Dis daar! Alles lowergroen en in volle blom!! Jou asem begin jaag. Jy word koorsig. Jy wil van hierdie hê; en van daardie en van doerie en daardie ander ding daar oorkant. En somer van daardie helder

pienk Petunias ook. En hier is 'n pot wat ewe stunning gaan lyk in daardie dooie kol onder die Kareeboom. Met nog sewe bakkies saailinge en kompos en bogrond en wit spoelklippies om die prentjie af te rond. Jy is heeltemal uitasem. Die rook staan op die kwekerytrollie se wieletjies. Goeie oordeel bestaan nie meer nie. Kaarte is geduldig. "Mannie, verstaan jy nou hoekom ek sê 'n tuinsentrum in die lente is die mees gevaarlikste plek op die ganske aardbodem?" vra Pitte terwyl hy lyk of hy half in 'n beswyming is.

Pitte sê dis vir hom vreeslik lekker. Hierdie iets in sy menswees wat hom roekeloos maak as hy by 'n tuinsentrum instap. Skielik is daar weer 'n wip in sy stap. Energie bruis deursy are! Die lewe is 'n lied! Solank hy kan tuinmaak sê Pitte! Salig! Die Vader het nou wel gesê dat ons in die sweet van ons aangesig ons brood sal verdien, maar gelukkig het Hy niks gesê van tuinmaak nie. Daarom is tuinmaak volgens Pitte nie werk nie. Dis lekker; dis terapie; dis ontspanning!

Nou het ek 'n plan gekry. Kyk, ek is die dommerige een, Tert is die bouer en Pitte die tuinier. Ek weet daar is baie mense daar buite wat ook hou van tuinmaak. Nou het ek gedink; soos wat ek al Tert se stories uit hom uit trek en vir julle neerskryf, gaan ek nou Pitte se kennis 'n bietjie tap en so skelm-skelm aan julle skryf. Ek glo nie hy sal eers weet daarvan nie want hy lees nie baie nie.

Hy weet baie oor wat alles in die tuin gedoen kan- en moet word. Hy weet van probleem areas in die tuin. Oor ligte, water, fokuspunte, ag sommer alles wat vir 'n tuinier lekker en belangrik is.

Maar julle moet hom nou asseblief nie daar by Sediba stormloop nie. Hy gaan baie onthuts

wees as hy moet weet ek skryf nou oor hom soos wat ek oor Tert skryf.

Skryf vir my by herman@celtislandscaping.co.za en dan pols ek hom en dan skryf ek daaroor in die Gateway. Dit help nie ek skryf oor enige ding nie, want julle weet ook van tuinmaak en so en dinge. En meld ook sommer waar julle bly. Die Gateway word baie wyd gelees. Ongelukkig sal daar nie hope spasie in die Gateway wees nie, maar dalk sal Marietjie ons genadig wees en dalk 'n ou kolommetjie ekstra kan afstaan.

As julle nie e-pos fasiliteite het nie, kan julle 'n faks stuur na 0866618455. Julle is ook welkom om julle ervaring en kennis met ons te deel. Stuur dit aan. Ek sal dit met 'n ompad met Pitte bespreek en hoor wat hy sê.

Gegroet tot September!